



Teologiese opleiding vir die Hervormde Kerk

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***In every country the church is a reflection of its seminaries. All the church's future pastors and teachers pass through a seminary. It is there that they are either made or marred, either equipped and inspired or ruined.* – John Stott (1921-2011), Anglikaanse teoloog**

Die geskiedenis van die Hervormde Kerk (NHKA) bevestig hierdie uitspraak. Die kwaliteit van die Kerk se teologiese opleiding het die NHKA meer as 'n eeu lank in staat gestel om 'n merkwaardige teologiese bydrae te lewer en predikante op te lei wat goeie leiding kon gee in die aangesig van uiteenlopende uitdagings in kerk en staat.

Nuwe uitdagings oor die afgelope dekade stel egter nuwe eise aan ons teologiese opleiding. Dit het gelei tot 'n gesprek op 26 Februarie oor teologiese opleiding, gevolg deur 'n bosberaad van 11 tot 13 April wat deur die Kommissie van die AKV, die Kuratorium en die dosente van die Kerk bygewoon is. Die bosberaad oor teologiese opleiding het plaasgevind teen die agtergrond van 'n bosberaad die vorige week oor prioriteite en 'n gepaardgaande finansiële strategie vir die Kerk.

Net soos alle ander hoofstroomkerke, verkeer die NHKA onder toenemende finansiële druk, wat onder meer daartoe lei dat die hoë koste van teologiese opleiding onder die vergrootglas geplaas word. Tydens die bosberaad oor finansies is teologiese opleiding egter geïdentifiseer as een van die Kerk se drie strategiese prioriteite, omdat goed toegeruste predikante en ampsdraers deur bekwame leiding juis die volhoubaarheid van die bediening kan verseker.

Weens finansiële druk is die Kerk se 100%-beurslenings vir teologiestudente reeds in 2013 gestaak en het daar al stemme opgegaan dat die Kerk die kontrak met die Universiteit van Pretoria moet opsê. Dit sou egter beteken dat ons teologiestudente reeds binne 'n paar jaar hul volle teologiese opleiding kry by akademië uit ander kerkverbande, en terselfdertyd dat ons die posisie van die Hervormde Teologiese Kollege aan UP prysgee. Aangesien die HTK nie self as hoërsonderwysinstansie by die Departement van Hoër Onderwys geregistreer is nie, sou dit beteken dat ons teologiestudente nie meer erkende kwalifikasies verwerf nie. Dit sou natuurlik ook beteken dat die Kerk nou lynreg teenoor ons eeuouë uitgangspunt ingaan deur predikante vir die eerste keer aan 'n kerklike kweekskool te laat oplei. En in werklikheid kan 'n eie, onafhanklike teologiese opleiding op die lang duur dalk selfs duurder uitwerk as tans.

Die deelnemers aan die bosberaad het in kleingroepe verdeel en die saak van alle kante beskou. Uiteindelik was daar konsensus dat ons teologiestudente steeds aan 'n universiteit eerder as aan 'n kweekskool opgelei moet word ter wille van 'n deeglike kritiese akademiese opleiding en die blootstelling aan 'n breër werklikheid. Die bosberaad het ook bevestig dat die Kerk teoloë en akademië nodig het om op talle terreine aan die NHKA leiding te gee en die Kerk in die gemeenskap te verteenwoordig, terwyl die stimulasie van 'n akademiese omgewing vir teologiestudente en jong predikante se vorming van deurslaggewende belang is.

Reggeaarde predikante wat onafhanklik kan werk en die Woord en werklikheid met integriteit vir lidmate kan interpreteer, is vir die Kerk onontbeerlik. Dieselfde geld vir deurleefde ouderlinge en ampsdraers wat met toewyding en kundigheid kan leiding gee in gemeentes. Dít is die sleutelrol wat die HTK en die Sentrum vir Gemeentelike Bediening in ons teologiese opleiding en toerusting speel.

Die aanwesiges het daarom eenparig aanbeveel dat die kontrak oor teologiese opleiding met UP voortgesit word. Terselfdertyd moet aan die besluite van die AKV uitvoering gegee word om die HTK uit te bou sodat predikante met akademiese aspirasies via die HTK geleentheid moet kry om ervaring op te bou om met verloop van tyd dosente wat aftree, te vervang. Die HTK en die SGB moet verseker dat ouderlinge en ampsdraers vir hul taak toegerus is, sodat hulle soos in die verlede die voortgang van gemeentes kan verseker indien predikante dalk meer as een gemeente op dieselfde tyd moet bedien. Die opleidingsmaatskappy Nederskills (waarin die Kerk 'n meerderheidsbelang het) se geakkrediteerde Diploma in Bediening kan hier 'n waardevolle bydrae lewer.

Ten slotte is ooreengekom dat die Kommissie en die Kuratorium meer gereeld sal byeenkom, en dat ondersoek na kurrikulering van teologiese opleiding sal voortgaan.

Dr Wouter van Wyk
Sekretaris: Kommissie van die AKV

Lief en leed



Ds Giel Malan

- Die **gedenkdiens vir ds MD (Giel) Malan**, wat op 2 April oorlede is na sy stryd met Covid-19, vind plaas op Vrydag 7 Mei om 11:00 by Gemeente Wonderboompoort, hv Eloffstraat en Mansfieldlaan 624, Eloffsdal (benader vanaf Wegerlelaan), 25° 42' 41,6 S; 28° 11' 13,6 O. Daar is 'n beperking op die aantal mense wat die diens kan bywoon. Reël asseblief vooraf met mev Edith Malan by 082 922 4089. Die diens word ook gestroom by <https://www.orangelive.co.za/giel-malan>.

- Baie geluk aan **ds Leanie en Edu Lemmer**, voorheen van Gemeente Pretoria-Oos en tans in Nieu-Seeland, met die geboorte van Daniël Edward!

- **Die volgende predikante verjaar tot 14 Mei 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 6 Mei: Ds C (Cobus) Manders (42) (Bethal)
- Sondag 9 Mei: Ds L (Leon) Geel (59) (Grimbeekpark)
- Maandag 10 Mei: Di SJ (Fanie) Swanepoel (90) (emeritus), GJW (Gert) van der Merwe (73) (emeritus) en FH (Frans) Ras (54) (Nigel)
- Dinsdag 11 Mei: Dr JC (Christo) van der Merwe (72) (emeritus) en ds G (Guillaume) Rocher (51) (Balfour/Heidelberg)
- Woensdag 12 Mei: Ds JH (Buks) van Heerden (75) (emeritus)
- Donderdag 13 Mei: Prof E (Ernest) van Eck (61) (UP), drr JJ (Koos) Prinsloo (75) (emeritus) en GC (Gerhard) Lindeque (60) (Bybelgenootskap)
- Vrydag 14 Mei: Di PJ (Pieter) Uys (64) (siekte-emeritaat) en WJJ (Willem) Kok (61) (Potchefstroom)

Gemeentes en bediening

- **Ds PR (Rudi) Janse van Rensburg** van Ottosdal het 'n beroep ontvang na Weltevreden. Hy het die beroep aanvaar en word op 4 Julie daar bevestig.
- Die vergadering van die **ring van Bothaville** sal **per Zoom** plaasvind op **22 Mei** om 09:00.
- Die vergadering van die **ring van Heidelberg** vind **aanlyn** plaas op **12 Junie** van 09:00 tot 12:00.
- Die vergadering van die **ring van Pietermaritzburg**, wat geskeduleer was vir 8 Mei, vind nou plaas op **12 Junie by Gemeente Laer Suidkus** in Port Shepstone. Die vergadering sal **tegelykertyd lewendig via Zoom** plaasvind, vir afgevaardigdes wat nie kan reis nie en waar afstande groot is, soos van Richardsbaai af.
- **Gemeente Heilbron** wil graag hul breekware aanvul. As daar gemeentes is wat **agtkantige breekware** het wat hulle nie gebruik nie of wil verkoop, kan hulle Magda Bierman kontak by 083 292 1503. Die gemeente benodig 70 eetborde en 50 kleinbordjies (alles agtkantig).
- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by george.marais@fineandcountry.com. Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.
- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare**. Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde



Ds Rudi Janse van Rensburg

Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Bepaalde vergaderings

- Vrydag 7 Mei: Oudit- en Risikokomitee
- Vrydag 14 Mei: Moderamen
TOIBO-ledevergadering

Kerklike publikasies

- Die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans, **Die Bybel: 2020-vertaling**, kry tans goeie aftrek by die publiek. 'n Groot behoefte wat nog bestaan, is die voorsiening van 'n **grootdrukuitgawe** van hierdie Bybel. Die drukproses is tans onderweg en die eerste besending van die Grootdrukbybels behoort teen **einde Augustus** beskikbaar te wees. Hierdie Bybel gaan in twee verskillende bindformate verkrygbaar wees: 'n swart hardeband asook 'n luukse, verwerkte leerband met duimindeks.

'n Gedig

Uit: IX Begrafnisdiens

Vandag oor 'n jaar
sal hulle 'n gedenksteen oor jou plaas,
'n swaar steen, kil, gepoleer
waarop gegrif staan
jou naam
die name van jou vader en moeder
jou jare van geboorte tot aan die dood
'n enkele reël tot lof van die moeder en vrou –
woorde te beknop en saamgepers
om in lengte van dae hul inhoud te behou,
raaiselagtige reëls
wat met verloop van tyd
al hoe raaiselagtiger sal word.
'n Telegram nie langer ter sake nie
wat in son, reën en wind verbleik.

Olga Kirsch
(Uit: *Afskeide*, 1982)

Barmhartigheid

- **Van gebrokenheid na heelheid.** Rata tree daagliks toe tot die stryd om honderde mishandelde, stukkende en verwaarloosde kinders te beskerm teen alle vorme van geweld deur in die hof namens hulle te baklei vir hul veiligheid. Staatssubsidies is nie voldoende vir Rata se werksaamhede nie – die tekorte moet aangevul word vanuit ander bronne,



Rata
MAATSKAPLIKE DIENSTE

soos die **vrywillige deurkollekte van Sondag 6 Junie 2021**. Rata lewer jaarliks dienste aan ongeveer 33 000 persone, en jou bydrae kan help om in elkeen van hierdie kinders se lewens 'n verskil te maak. Hoop vir 'n kind kom deur jou bydrae. Daar's geen groter dankbaarheid nie as 'n kind se dankbaarheid. Rata beteken nie net liefde nie, Rata lééf liefde!

- Die volgende projekte en bewusmakingsveldtogte word deur **Rata** beplan vir **Nasionale Kinderbeskermingsweek einde Mei 2021**:
 - Verskeie kantore loods gedurende dié week veldtogte om skoolgaande kinders bewus te maak van boeliegedrag: hoe om dit raak te sien, te hanteer en te voorkom.
 - Die regte van kinders word benadruk, en sommige Rata-kantore sal skole en gemeenskappe bewus maak van die regte van kinders en hoe en waar om enige oortredings teenoor kinders aan te meld.
 - Rata, as Kinderbeskermingsorganisasie, se dienste sal in die areas van 15 kantore bemark word.

- **NHSV uitbetalings vir Mei: Sanet van Wyk, NHSV Tesourier, skryf soos volg:**

“Die ekonoom Dawie Roodt sê in 'n artikel: *En ekonomiese groei gaan gepaard met ander goeie nuus, soos dat gevalle van kindersterftes, hongersnood, malaria, polio, elke denkbare pestilensie, alles besig is om te daal. (Ek weet Covid-19 is 'n nuwe gogga, maar deur ons geskiedenis was daar gereeld siektes om mee rekening te hou, net soos ons ook dié een gaan oorwin.)*

Dit is inderdaad so dat Covid-19 ongeëwenaarde onsekerheid op 'n wêreldwye skaal veroorsaak het, maar dit is ook waar dat die lewe deur alles heen aangegaan het en dat in sommige gevalle werklik mooi en wonderlike dinge ook gebeur het. Hiervan sal die geskiedenisboeke van die toekoms sekerlik ook getuig.

Alhoewel die impak van alles ook op die Kerk en haar aktiwiteite en finansies sy merk gelaat het, kyk ons ook terug en sien hoe die Here die Kerk ook vasgehou, bewaar en geseën het en voorsien het dat die **Goeie Nuus** van die evangelie steeds versprei kon word.

Met die deeglike besef dat die pandemie ook 'n impak gehad het op NHSV takke, wil die NHSV Hoofbestuur met begrip vir omstandighede takke herinner aan die verpligte uitbetalings wat gewoonlik voor die einde van Mei gedoen word.

Hierdie uitbetalings stel die NHSV Hoofbestuur in staat om op nasionale vlak haar barmhartigheidstaak uit te voer. Die Mei-uitbetalings word aangewend vir Bejaardesorg en die Inrigtingsfondse. So vervul die NHSV haar barmhartighedsrol deur bejaardes in nood te help versorg. 'n Deel van die uitbetalings word ook aangewend vir die onontbeerlike administrasie van die NHSV kantoor, asook om die Beurs- en Leningsfonds vir Hervormde studente aan te vul.

Daar word vertrou dat takke in staat sal wees om hierdie uitbetalings te doen en dat die NHSV nie net kan voortgaan met haar dienswerk nie, maar ook sal oorwin deur die genade van ons hemelse Vader en die waarheid van die **Goeie Nuus** van die evangelie van liefde.

Bankdeposito's of elektroniese oorbetalings kan gedoen word. Faks asseblief die betaalstaat en 'n afskrif van die elektroniese oorbetalings na 086 695 5937.”

- **15 Mei tot 15 Junie is Bejaardesorgmaand: Tooi Turkoois vir Bejaardes.** Alle gemeentes word vriendelik versoek om hul bes te doen om hierdie maand spesifiek aan bejaardes en hul aktiwiteite te wy. Navrae: Ds Lilian Erasmus, voorsitter: Ondersteuning van Bejaardes, 083 255 2082.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.



- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Allegaartjie

“...eintlik is ons blind. Ons is nie meer bewus van die magiese deel van die werklikheid, die klein wonderwerke wat ons omring nie. Ons hoor nie meer die eerste reëndruppels op die sinkdak nie. Ons is nie meer verstom oor die patrone in 'n herfsblaar nie. Ons foeter blindelings voort sonder om onself toe te laat om verwonderd te staan voor die skepping en al sy sigbare en versteekte grootsheid.” (Koos Kombuis, in *Beeld*, 24 April 2021)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (*Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.*) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

'n Oggendgebed

Vader, ek gee U hierdie dag, mag u Gees in my werk.
Suiwer my van die mengelmoes drome en gedagtes
en help my om uit te sien na hierdie nuwe dag.
Ek gee U die geestelike en fisieke tamheid wat ek ervaar
en vra dat u lewe deur my vloei.
'n Lewe wat geliefdes aangryp en hul harte met hoop voed.
Mag u liefde daartoe lei dat ek nuwe energie vind,
en idees en oplossings regdeur die dag.
Mag u waarheid my toelaat om op koers te bly
en met vertroue op te tree in alles wat ek doen.

Vader, ek gee U hierdie dag.

Amen.

Julie Palmer
(Vertaal deur Tessa Oppermann)

Kyk by:

https://www.prayerscapes.com/prayers/people/prayers_before_work.html#ixzz6tPol1YiJ